NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 16

30 April 2026

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

*Op pad met Iwana…*

# Dit was 'n komma…



Drr André Ungerer en Hein Delport

**Waar in die huis sal jy na 'n mop begin soek? Die meeste van ons bêre dit in die kombuis- of gangkas. Maar ek kan myself net indink hoe deurmekaar dr Hein Delport se ma moes gewees het toe sy dit om elke hoek en draai gesoek het en dit nêrens kon vind nie. Ek kan net wonder watter gedagtes by haar opgekom het toe sy sien die mop het 'n nuwe rol aangeneem? Die mop het nou klasse en eredienste bygewoon! Dr Delport se jonger suster het haar droom om 'n onderwyseres te word, uitgeleef deur vir die mop klas aan te bied en daarna moes die mop sommer ook na sy prediking luister.**

Dit is hierdie roeping wat gekoester is deur mentors soos ds Eksteen Botes, dr André Ungerer en prof Theuns Dreyer. Ds Botes het die gemeentepredikant in dr Delport aangemoedig en hom help vorm. As 'n finalejaarkatkisant het ds Botes met die aansoekvorm in sy hand vir dr Delport gevra: *Wil jy nog Teologie studeer?* Sy ander mentors het hom gevorm en aangemoedig vir die akademie. Dit blyk dat beide hierdie rigtings vrug dra in sy lewe. In 1997 het hy aan die Universiteit van Pretoria (UP) begin studeer. Daarna dien hy as predikant by Gemeentes Magaliesburg, Krugersdorp, Krugersdorp-Wes en uiteindelik vestig hy homself by Gemeente Swartkop waar hy vir die afgelope agt jaar werksaam is.

Dr Ungerer het hom in 2021 gevra om deel van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) te vorm en by te dra tot die veld van homiletiek – juis oor sy proefskrif wat die werk van prof Theuns Dreyer ondersoek het en die nuwe verwikkelinge in die veld. Einde 2025 aanvaar hy die pos as hoof van die HTK ná dr Ungerer se aftrede. Hy erken dat hierdie mylpaal slegs moontlik is danksy die leiding wat hy van sy mentors ontvang het. Tans kyk hy terug op meer as 'n kwartaal se diens sedert sy aanstelling as hoof. Hy noem dat hy *skrikkerig opgewonde was* oor die verandering. In hierdie tydperk het hy verhoudings, netwerke en vennootskappe op sy eie unieke manier versterk en uitgebou. Hy dra prof Wim Dreyer en daarna dr André Ungerer se visie oor die uitbreiding van dosentegetalle by die HTK voort. Hy vertel dat, alhoewel hy steeds op sy senuwees is, die span waarmee hy omring is en die ryk tradisie waarin hy homself bevind hom ondersteun en rigting gee.

Maar daar is 'n ondersteuningstelsel wat dr Delport in al hierdie verskeie rolle ondersteun en ook aanmoedig. Dit is niemand anders as sy dogter nie. Volgens hom is sy dogter sy lewe. Hy verduidelik voorts dat sy werk as gemeentepredikant soos 'n komma is en nie 'n punt nie.

Die Kerk sien uit na die ontwikkeling en visie wat dr Delport na die HTK en na UP bring ná hierdie komma. Die Kerk en die studente vra saam deur hierdie leerproses opnuut vir dr Delport: *Wil jy nog Teologie studeer?*

**Ds Iwana Kruger**
**(Pretoria-Oos en NHKA-joernalis)**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Mei. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Vrydag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (emeritus)
  - Saterdag 2 Mei: Ds HJ (Henk) Labuschagne (Silverton)
  - Maandag 4 Mei: Ds PJ (Pierre) Roets (Springs-Oos)
  - Dinsdag 5 Mei: Drr JP (Johan) Bester (Randfontein Midpark), H (Hein) Delport (HTK/Swartkop), en EB (Ernest) Marran (emeritus)

## Gemeentes en bediening



Dr Robert van Niekerk

- **Dr JR (Robert) van Niekerk** (dosent) het 'n beroep na **Wonderboompoort** ontvang. Hy het die **beroep aanvaar**. Sy **bevestiging** by die gemeente vind op **3 Mei** plaas.

- Die Kommissie van die AKV verleen op **31 Mei 2026 emeritaat** aan **dr GC Lindeque**. Die oorhandiging van die akte van emeritaat vind DV tydens 'n dankdiens op **Sondag 10 Mei 2026** om 11:00 by **Gemeente Swartkop** plaas. Lidmate en kollegas is welkom om die geleentheid by te woon. Laat weet asb **teen 30 April** indien u beplan om die geleentheid by te woon deur 'n boodskap na 082 374 8703 te stuur.

## Werkgeleentheid

- **Werkruimte vir deelsorgbediening: Gemeente Wonderboompoort**

  Gemeente Wonderboompoort is geleë in Eloffsdal, Pretoria, en beskik oor 'n vakante deelsorgbedieningposisie wat nie aan 'n ouderdomsprofiel gekoppel is nie. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante en proponente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).

  Die gemeente het 148 belydende lidmate en 12 dooplidmate. Die meerderheid van die lidmate is tussen die ouderdomme van 59 tot 94 jaar.

  - **Vereiste**

  Ons is op soek na 'n dinamiese en roepinggedrewe persoon wat met 'n passie in 'n gemeente wil dien. Die gemeente is toegewyd aan die erediens en die verkondiging van die woord van God. Die posisie is ideaal vir iemand wat 'n lewende verhouding met Jesus Christus en 'n liefde vir mense het. Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid in ooreenstemming met ons geloofsbeginsels is 'n vereiste.

  Verantwoordelikhede sluit in bedieningswerk soos uiteengesit in die Kerkorde van die NHKA (preekbeurte en eredienste), pastorale sorg en besoeke soos benodig, deelname aan gemeenteaktiwiteite en strategiese beplanning. Eie vervoer is belangrik.

  - **Kerkgebou en pastorie**

  Gemeente Wonderboompoort beskik oor 'n kerkgebou en saal en is geleë te Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, Pretoria. Daar is nie 'n pastorie beskikbaar nie. Die SP Engelbrecht-museum is op die perseel geleë.

  - **Vergoeding**

  Die gemeente kan die predikant vergoed met 'n totale pakket van R480 000.00 per jaar (onderhandelbaar) plus 'n jaarlikse vakansietoelae van R40 000.00. Ingesluit is behuising- en voertuigtoelae asook 'n datapakket.

  - **Leraarsprofiel**

  Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik. Die Etiese Kode van die Kerk moet streng nagevolg word. Teologiese opleiding en ondervinding in gemeentebediening geniet voorkeur.

○ **Aansoeke**

Sou u belangstel, stuur u CV (met VBO-krediete), ’n kort geloofsgetuienis en verwysings na die SGB-verteenwoordiger en -fasiliteerder, dr Hannes Janse van Rensburg (**hannessgb@nhk.co.za**). **Aansoeke sluit 1 Junie.** Diensaanvaarding sal wedersyds onderhandel word.

Die kerkraad behou die reg voor om ’n kortlys saam te stel vanuit die aansoeke wat ontvang is en is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en het ook die keuse om ’n predikant van sy keuse te beroep. Aansoekers sal verwittig word wanneer die beroep uitgebring word.

## Vergaderings

- Dinsdag 5 Mei — Kuratorium
- Vrydag 8 Mei — Moderamen


## Kerklike en ander publikasies







## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **Anushke Muller**. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Laat gerus vir ons kommentaar en deel u gedagtes oor die Blitsflits. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is beskikbaar op sosiale media en YouTube.

## ’n Gedig

**Met my woorde as verfkwas**

ek verf my dankies oor die duinesand
vir elke kriesel genade aan my verpand
al staan ek naak in die sonde-son en verbrand
bring ek aan my Skepper my nederige dank
met woorde uit my siel – sonder klank

tussen die spoelklippe van ’n magtige rivier
in maalkolke van die lewe vandag en hier
in die wonderlike oop natuur
kom ek my dankies verf in hierdie uur
met Hom spring ek oor elke versoekingsmuur

met slegs my woorde as verfkwas
wil ek lappies-genade kom las
om daagliks te voel en tas
toe ek nog totaal verlore was
het Hy my van sonde skoon gewas

**Anze Bezuidenhout**

www.roekeloos.co.za/gedigte/gedigte-van-anze-bezuidenhout/

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Gemeente Potchefstroom** nooi almal uit na die **Noordwes Motorskou, Basaar en Antieke Veiling**. Dit vind op **Vrydag 1 Mei 2026** vanaf 09:00 tot 13:00 op die **Kerkplein** plaas. Daar gaan ’n groot verskeidenheid blink **veteraanmotors** wees asook ’n **veiling van antieke artikels** wat in die kerksaal gaan plaasvind. **Jakkie Louw** gaan ons gaskunstenaar wees. Dit is nie al nie – daar gaan ook ’n pragtige hondevertoning aangebied word. ’n Groot verskeidenheid basaarkos gaan te koop wees asook ’n gratis pretpark vir die kinders. Toegang vir volwassenes is R60, skoolgaande kinders is R30 en voorskoolse kinders is gratis. **Vir navrae kan die kerkkantoor gekontak word by 018 293 2672**.

- **Die Eendrachtkring** kuier weer saam: Emeriti, hul gades en weduwees van predikante word vriendelik uitgenooi na ’n byeenkoms van die Eendrachtkring op **7 Mei om 10:00** in die kerksaal van **Gemeente Wonderboompoort**. **Skakel voor 4 Mei met ds Kalla Fourie** 072 278 1456 om u bywoning te bevestig.



- Die Kerkraad van **Gemeente Benoryn** (Benoni) nooi hiermee alle voormalige predikante, lidmate en belangstellendes hartlik uit om die gemeente se **85-jarige bestaansjaar** saam te vier. Die viering vind op **24 Mei 2026** plaas met 'n erediens om **09:00**. Na afloop van die erediens sal daar as gemeente saam geëet word. U word vriendelik uitgenooi om ook aan hierdie geleentheid deel te neem. **Vir verdere navrae of om u bywoning te bevestig**, kontak asseblief vir **Corné by 083 391 1368**.

- **Ons hoor graag van geleenthede by gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede van die fondsinsamelingfunksie, basaar of viering na: **taal@nhk.co.za**.


## Toerusting




- Dit **WHT se jaarlikse konferensie** vind op **28 en 29 Oktober 2026** te Gemeente Pretoria-Oos plaas. Die tema vir die kongres is: *Die ver-beelding en ver-woording van geloof in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur.* **Stuur gerus 'n e-pos** na **antoejvr@gmail.com** indien u dalk sou belangstel **om 'n akademiese bydrae** tydens die kongres te lewer.





**AANLYN DOOPKATEGESE**

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 by:
**https://www.dramekaarselaste.co.za/**
> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

## Jeug- en studentesake




- Klik ***hier*** indien jy verdere oortuiging van die huidige HTK-studente benodig om in te skryf om Teologie te studeer.

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.



## Gebed vir die week

Here Jesus,
dankie dat U aan die kruis vir my gesterf het,
dat U die prys betaal het vir alles wat ek verkeerd gedoen het.
Dankie dat U die dood oorwin het
en die pad oopgemaak het na my Vader se ewige huis.
Help my om vandag voluit vir U te leef,
en om u liefde uit te straal na almal rondom my.
Amen.

www.versndag.co.za/index.php/vers-n-dag-dagstukkies-79566/6876-lente-nuwe-lewe-omdat-jesus-leef-8-augustus-2025




| | |
|---|---|
| Redakteur: | Ds David Barnard |
| Subredakteur: | Ds Mariët Robbertze |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |
| Joernalis: | Ds Iwana Kruger |